



Jou toekoms is belangrik!

## Hersiening, inoefening en vaslegging

### Werkopdrag – Optelling van heelgetalle

**Wat jy moet weet!**

1. Optelling is een van die 4 hoofbewerkings.
2. By optelling raak jou antwoord altyd groter.
3. Optelling is die inverse van aftrekking.
4. Optelling is soortgelyk aan vermenigvuldiging.
5. Ken notasie en plekwaarde.
6. Ken die verskil tussen die waarde en plekwaarde van getalle.
7. Daar is verskillende metodes van optelling.

#### Afdeling A – Speletjies met optelling om jou lekker op te warm! (Geen sakrekenaars)

1.1 Rangskik die syfers 1 tot 4 sodat die som in elke ry, elke kolom en elke diagonaal gelyk is aan 10:

1	1	1	1					
2	2	2	2					
3	3	3	3					
4	4	4	4					

1.2 Gebruik die gegewe patroon om jou eie towervierkant te maak.  
Elke ry, elke kolom en elke diagonaal tel op na dieselfde getal (konstante getal):

$\square + 2$	$\square + 7$	$\square + 6$
$\square + 9$	$\square + 5$	$\square + 1$
$\square + 4$	$\square + 3$	$\square + 8$


2.

1.3 Voltooi die getalraaisel:

Dwars:

- a)  $38 + 57$
- c)  $46 + 934$
- d)  $27 + 19 + 9$
- e)  $7 + 16 + 38 + 26$

Af:

- a)  $4347 + 219 + 5386$
- b)  $639 + 72 + 7869 + 347$

a			b
		c	
d			
		e	

1.4 Gebruik slegs getalle 1 tot 9 een keer en voltooi die getalsinne in elke ry en elke kolom (3 is reeds ingevul):

	x		-		=	15
+		x		+		
	-		x	3	=	21
-		+		x		
	x		+		=	17
=		=		=		
10		11		84		

Afdeling B – Verskillende metodes van optelling van heelgetalle.

Let baie goed op na die funksie van notasie en plekwaarde.

Bestudeer hierdie metodes en beantwoord die vrae by elkeen.

Werk sonder 'n sakrekenaar en wys alle bewerkings:

[ Voorbeeld 1 →  $184 + 97 + 5 + 3832 = 4118$  ]

Stap 1 Skryf in uitgebreide notasie:

$$\begin{array}{r}
 184 = 100 + 80 + 4 \\
 97 = 90 + 7 \\
 5 = 5 \\
 3832 = 3000 + 800 + 30 + 2
 \end{array}$$

Stap 2 Tel die kolomme op:

$$\begin{array}{r}
 3000 + 900 + 200 + 18
 \end{array}$$

Stap 3 Tel die plekwaarde antwoorde bymekaar:

$$\begin{array}{r}
 3000 \\
 900 \\
 200 \\
 + 18 \\
 \hline
 4118
 \end{array}$$

Gebruik hierdie voorbeeld en doen die volgende:

1.1  $7654 + 1237$

1.2  $5963 + 4567$

3.

[ Voorbeeld 2 →  $2\ 564 + 827 = 3\ 391$  ]

Stap 1 Skryf in uitgebreide notasie:	Ene	$4 + 7$	=	11
	Tiene	$60 + 20$	=	80
	Honderde	$500 + 800$	=	1 300
	Duisende	$2\ 000$	=	<u>+ 2 000</u>
Stap 2 Tel die plekwaarde antwoorde bymekaar:				3 391

Gebruik hierdie voorbeeld en doen die volgende:

2.1  $5\ 786 + 5\ 478$

2.2  $3\ 564 + 2\ 989$

[ Voorbeeld 3 →  $4\ 286 + 3\ 794 = 8\ 080$  ]

Stap 1 Skryf die getalle reg ondermekaar en begin optel by die Ene en Duisende:

Stap 1 Skryf die volle antwoord:	4 286		4 286
	<u>+ 3 794</u>		<u>+ 3 794</u>
	10		7 000
	170	OF	900
	900		170
Stap 2 Tel die antwoorde op:	<u>+ 7 000</u>		<u>+ 10</u>
	8 080		8 080

Gebruik hierdie voorbeelde en doen die volgende. Doen beide by albei:

3.1  $2\ 736 + 1\ 875$

3.2  $4\ 289 + 6\ 276$

[ Voorbeeld 4 →  $7\ 329 + 4\ 673 = 12\ 002$  ]

Stap 1 Skryf die getalle reg ondermekaar en begin optel van regs na links.  
Dra die oordragsyfers oor en tel op tot by die antwoord:

Stap 2 Skryf die antwoord:	7 329
	<u>+ 4 673</u>
	12 002

Gebruik hierdie voorbeeld en doen die volgende:

4.1  $25\ 158 + 13\ 987$

4.2  $34\ 267 + 19\ 238$

4.

### Afdeling C – Optelling van heelgetalle.

1. Die optelling van groot getalle en die inverse om die antwoord te toets:

[ Voorbeeld → $4\,567 + 3\,987 = 8\,554$ ]			
Stap 1 Optelling		Stap 2 Inverse toetsing – Aftrekking	
$\begin{array}{r} 4\,567 \\ + 3\,987 \\ \hline 8\,554 \end{array}$		OF	$\begin{array}{r} 8\,554 \\ - 3\,987 \\ \hline 4\,567 \end{array}$

Gebruik hierdie voorbeeld en doen die volgende:

1.1  $3\,580 + 7\,458$

1.2  $4\,619 + 3\,108$

2. Voltooi die woordprobleme en wys alle bewerkings:

2.1 Bereken die som van  $5\,296 + 12\,098$

2.2 Wat moet by  $13\,957$  getel word om  $25\,000$  te kry?

2.3 Die som van twee getalle is  $79\,135$ . Die een getal is  $43\,947$ . Bereken die ander getal?

2.4 Kobus het 3 getalle, bestaande uit 3 syfers bymekaar getel.


Die totaal van die enekolom was 23. Sonder die oordragsyfer was die totaal van die tienekolom 19 en die totaal van die honderdekolom 7.

Wat is die som van die 3 getalle?

### Afdeling D – Kopkrappers met optelling.

Bepaal die waardes van die ? in A en B:

A



B

